MUNISIPALITEIT SWARTLAND

KENNISGEWING 54/2021/2022

VERKIESING VAN WYKSKOMITEES : NOMINASIE VAN KANDIDATE

AGTERGROND:

Die vyfde Munisipale Raad van Munisipaliteit Swartland het op 16 November 2021 ingevolge artikel 72 van die Strukturewet ‘n resolusie aanvaar om vir elk van die twaalf wyke in die munisipale gebied ‘n wykskomitee in te stel.

Wykskomitees dien as ‘n belangrike meganisme om deelnemende demokrasie in plaaslike regering te bevorder. ‘n Wykskomitee bestaan uit die wyksraadslid, wat – *ipso facto* – die voorsitter van die komitee is, en tien ander persone.

Paragraaf 5(2) van die Reëls en Prosedures vir Wykskomitees bepaal dat lede van ‘n wykskomitee op grond van geografiese verteenwoordiging gekies sal word.

INDIENING VAN NOMINASIES:

Nominasievorms vir die onderskeie wyke en stemdistrikte is beskikbaar by die munisipale kantore en/of biblioteke in Malmesbury (ook by die Ilinge Lethu Thusongsentrum vir Wyk 9), Moorreesburg, Darling, Abbotsdale, Chatsworth, Riebeek-Wes, Riebeek-Kasteel en Yzerfontein. Die nominasievorm is ook beskikbaar op die munisipale webtuiste.

SLUITINGSDATUM VAN NOMINASIES:

Nominasievorms, behoorlik ingevul, moet by die **MUNISIPALE BESTUURDER, MUNISIPALE KANTORE, MALMESBURY** ingedien word **NIE LATER NIE AS 17:00 OP VRYDAG, 21 JANUARIE 2022** (Nicolette Brand, Katrina Jacobs of Sherleque Willemse).

Vir enige navrae of verduideliking met betrekking tot die nominasie van kandidate vir die onderskeie wykskomitees, kan daar met Nicolette Brand of me Sherleque Willemse by die Munisipale Kantore, Malmesbury (022 487 9400) gedurende kantoorure geskakel word. Die Reëls en Prosedures vir Wykskomitees kan ook geraadpleeg word wat op die munisipale webtuiste beskikbaar is.

J J SCHOLTZ
MUNISIPALE BESTUURDER

MUNISIPALE KANTORE
KERKSTRAAT 1
MALMESBURY
www.swartland.org.za

14 Desember 2021